

PLATINUM PIGEON LEAGUE



KONSTITUSIE



KONSTITUSIE VAN DIE PLATINUM POSDUIF LIGA

1. DEFINISIES

- 1.1 Hierdie Grondwet is opgestel om die wedvlug duiwesport in die Platinum Posduif Liga op 'n ordelike wyse te reël en te bekeer, asook die regte en verpligtinge van alle lede in die Liga te omskryf.
- 1.2 In die samestelling van hierdie Grondwet, behalwe teenstrydig met die gees van die Grondwet, sal die terme wat hierna volg se bedoeling soos volg wees:
- 1.2.1 Alle verwysings na die manlike sal ook die vroulike insluit en omgekeerd.
- 1.2.2 Alle verwysings na die enkelvoud sal ook die meervoud insluit en omgekeerd.
- 1.2.3 “Platinum Posduif Liga (PPL)” – sal volgens klousule 2 hierna as Bestuur verwys word.
- 1.2.4 “Liga Bestuur” – sal volgens klousule 4 hierna as Bestuur verwys word.
- 1.2.5 Lid sal hierna beteken enige lid wat lidmaatskap behou by enige Klub in die Liga.



- 1.2.6 Elektroniese kloksisteme “Electronic Ring Scanning Systems” sal hierna as elektroniese klokke verwys word.
- 1.2.7 Suid-Afrikaanse Nasionale Posduif Organisasie sal vervolgens verwys word na “SANPO”.
- 1.2.8 Dierebeskermingsvereniging (DBV).

2. **NAAM**

Die naam van die Liga is die Platinum Posduif Liga (Platinum Pigeon League) afgekort as PPL.

3. **DOELSTELLINGS**

Die doelstellings van die Liga is die volgende :

- 3.1 Om die belange van die duiwesport te bevorder, aan te moedig en in die algemeen te steun en te beskerm;
- 3.2 Om reëls te bepaal vir die beheer en reël van duiwewedvlugte in die Liga en om sodanige reëls aan te vul, te herroep of te wysig en om die nakoming daarvan af te dwing;
- 3.3 Om ringe, klokke, mandjies vervoer en ander benodigdhede wat van tyd tot tyd nodig mag wees in die belang van die Liga aan te koop, te huur of op ander wyse te bekom en om dit te verhuur, te verkoop of op ander wyse mee te handel;



- 3.4 Om die teel en vlieg van wedvlugduiwe te bevorder en aan te moedig;
- 3.5 Om die Staat, Provinsiaal of Plaaslike Bestuursliggame of Owerhede te nader met enige saak wat duiwewedvlugte regstreeks of onregstreeks raak;
- 3.6 Om in die algemeen enige handeling uit te voer wat noodsaaklik is om die belange van die Liga en sy lede te beskerm.

4. **BESTUUR**

- 4.1 Die Bestuur sal bestaan uit die Voorsitter, Vise-Voorsitter, Sekretaris, Tesourier, Wedvlug Sekretaris, Reklamebeampte.
- 4.2 Die Voorsitter word vir 'n tydperk van twee jaar op die Algemene Jaarvergadering deur die lede verkies. Die Voorsitter kan hom-/haarself na die tydperk van twee jaar weer verkiesbaar stel.
- 4.3 Uit die Ligalede 'n Sekretaris, Tesourier, Wedvlug Sekretaris, Vervoerbeampte en Reklamebeampte kies. Gemelde ampsdraers word verkies vir 'n tydperk van 2 jaar. Die ampsdraers kan na die tydperk van 2 jaar hulself weer verkiesbaar stel. Met ander woorde, word verkies alom die ander jaar.
- 4.4 Elke Klub moet ook 'n Sekundus aanstel wat 'n Klub Bestuurslid van sodanige Klub moet wees, om die plek van sy Voorsitter in te neem wanneer laasgenoemde afwesig is.



5. BEVOEGDHEDE VAN BESTUUR

5.1 Die Bestuur het die bevoegdheid om :

5.1.1 In die geval waar 'n Bestuurslid homself van drie (3) opeenvolgende vergaderings verskoon sonder bevredigende verduideliking vir sy afwesigheid, sal sy amp vakant deur die Bestuur verklaar word;

5.1.2 Lede van die Liga te koöpteer in vakatures wat in die Bestuur ontstaan as gevolg van die afwesigheid, siekte, bedanking of andersinds van die Vise Voorsitter, Sekretaris, Tesourier, Wedvlug Sekretaris, Vervoerbeampte en Reklamebeampte;

5.1.3 Die prosedure vir komitee vergaderings voor te skryf met dien verstande dat die lede van die Bestuur teenwoordig 'n kworum sal vorm;

5.1.4 Enige besluit te neem met 'n gewone meerderheid van stemme;

5.1.5 Sones of seksies in die Liga vir die doeleindes van Ligawedvlugte te bepaal en vas te stel;

5.1.6 Verordeninge wat nie strydig met die bepalinge van hierdie Grondwet en die van SANPO is nie, te maak en die Klubs skriftelik daarvan te verwittig;



- 5.1.7 Enige van die bevoegdhede wat kragtens subklousule 5.20 aan hom toegeken word, te deleger aan enige Bestuurslid. Daar moet by die volgende Bestuursvergadering verslag gedoen word oor enige handeling wat die betrokke bestuurslede kragtens magte wat aldus gedelegeer is, uitgevoer het;
- 5.1.8 Die beslissing van enige Klub of van sy ampsdraers oor enige saak wat die Liga raak, te hersien, te bekragtig, te wysig of tersyde stel;
- 5.1.9 Van jaar tot jaar ouditeure aan te stel waar van toepassing;
- 5.1.10 Van tyd tot tyd enige intreegeld vas te stel, te wysig of terug te betaal;
- 5.1.11 Uit die fondse tot die beskikking van die Liga bedrae te bewillig as honorarium of bonus vir die Voorsitter, Sekretaris, Tesourier, Vervoerbeampte en die Wedvlug Sekretaris, of as skenkings of bydraes aan enige liefdadigheidsorganisasie;
- 5.1.12 Enige persoon as werknemer of beampte van die Liga in diens te neem, om sodanige persoon se vergoeding te bepaal en om sy dienste na goeëdunke op te skort of hom af te dank;
- 5.1.13 Enige roerende of vaste eiendom, insluitende obligasies, effekte en aandele te koop, te verkoop, te huur of te verhuur, te wissel, oor te plaas of te ontvang en om die fondse van die Liga Staats- of Munisipale effekte te belê, hetsy op vaste



deposito of in spaarrekenings in Banke, Bouverenigings of soortgelyke instellings;

- 5.1.14 By wyse van resolusie die Voorsitter en/of Vise Voorsitter en/of die Tesourier te magtig om namens die Liga alle volmagte, kontrakte of ander aktes of dokumente wat onderteken moet word, te onderteken en om wisselbriewe, promesses, tjeks en ander verhandelbare dokumente in verband met die Liga se sake te trek, te aanvaar, te endosseer, uit te maak en te verlei;
- 5.1.15 Geld teen die sekuriteit van vaste eiendom of ander bates van die Liga te leen en om verbande daarop te passeer of om ander sekuriteit te verskaf teen terme wat die Bestuur mag goeddink;
- 5.1.16 In die algemeen met die eiendom en fondse van die Liga te handel ten einde die doelstellings van die Liga te bereik;
- 5.1.17 Regsgedinge namens die Liga in te stel en te verdedig;
- 5.1.18 Versoek dat Spesiale Algemene Vergaderings belê word;
- 5.1.19 Vergader op plekke en tye wat die Bestuur goeddink;
- 5.1.20 In die algemeen die sake van die Liga te administreer en te bestuur en om Klubs te besoek wanneer inkorwing plaasvind of kloklesings geneem word ten einde seker te maak dat die bepalinge van hierdie Grondwet en verordeninge nagekom word.



6. **DISSIPLINÊRE ONDERKOMITEE**

Daar sal 'n dissiplinêre onderkomitee wees, bestaande uit die Voorsitter en twee lede van die Bestuurskomitee, wat tesame 'n kworum uitmaak, wat :

6.1 Die mag het om klagtes teen enige lid te lê, ondersoek in te stel daarna en daaroor te besluit;

6.2 Om enige lid te berispe, te beboet, te skors en uit te sit indien hy daaraan skuldig bevind word dat hy :

6.2.1 Willens en wetens die bepalinge van hierdie Grondwet of die verordening wat daarkragtens uitgevaardig is, verbreek het;

6.2.2 Opgetree het op 'n wyse wat nadelig is vir die belange of reputasie van die Liga;

6.2.3 Opgetree het op 'n wyse wat onbetaamlik is vir 'n lid;

6.2.4 In gebreke bly om 'n boete wat deur die dissiplinêre onderkomitee opgelê is, binne 'n maand na die oplegging daarvan te betaal.

6.3 Die riglyne neergelê in Bylae C van SANPO Konstitusie :

“Gedrags-dissiplinêre kode vir federasies / Liga moet gevolg word.

6.3.1 Die lid moet ingelig word van sy reg tot Regsverteenvoordinging of bystand van 'n lid van sy keuse en sy reg tot appèl na die



Ligabestuur. Die oorkonde van die ondersoek moet aandui of dit gedoen is.”

7. LEWENSLANGE ERELEDE

Enige lid wat die Liga lank en getrou gedien het, of verdienstelike diens aan die wedvlugduiwesport gelewer het, kan op aanbeveling van die Bestuurskomitee verkies word op 'n Algemene Jaarvergadering, nadat daar behoorlike kennis daartoe gegee is.

8. BESKERMHEER

8.1 Indien 'n persoon aansien in die gemeenskap het, 'n belangstelling in die wedvlugduiwesport openbaar, en kan meehelp om toestande te skep wat tot die bevordering van die wedvlugduiwesport sal bydra, kan hy vir 'n tydperk van drie (3) jaar as Beskermheer van die Liga aangewys word.

8.2 Aanwysing as Beskermheer kan slegs geskied na 'n besluit te dien effekte deur minstens tweederde (2/3) van die aanwesige lede op 'n Algemene Jaarvergadering.

8.3 'n Beskermheer betaal geen ledegeld nie, het sittingsreg op alle Algemene Bestuursvergaderings, maar beskik nie oor stemreg nie en word ook nie bygereken wanneer 'n kworum bepaal word nie.

8.4 Beskermheerskap kan slegs voor verstryking van die aanwysingstermyn beëindig word indien die Beskermheer self bedank, maar 'n Beskermheer



mag na verstryking van die aanwysingstermyn weer as Beskermheer aangewys word.

9. **APPÈL**

9.1 'n Appèl teen enige beslissing of opdrag van die dissiplinêre Onderkomitee word deur die Bestuurskomitee ontvang, op voorwaarde dat :

9.1.1 Daar binne veertien (14) dae vanaf die datum van die besluit of opdrag waarteen geappelleer word, skriftelik aan die Liga Sekretaris kennis van appèl gegee word. Die lid se SANPO nommer moet op die skriftelike kennisgewing aangebring word;

9.1.2 Die kworum van die Bestuur by die aanhoor van 'n appèl sal ten minste vyf (5) lede van die Bestuur wees;

9.1.3 'n Bedrag van twee honderd rand (R200.00) die kennis van appèl vergesel;

9.1.4 Dit is onwettig om stemme of steun te werf in verband met enige appèl en dit sal die betrokke lid blootstel aan skorsing of uitsetting uit die Liga, volgens die uitsluitlike en absolute goeddunke van die Bestuur.

9.2 'n Appèl teen enige beslissing of opdrag van die dissiplinêre Onderkomitee word deur die Bestuur ontvang, op voorwaarde dat :



- 9.2.1 Die Bestuur die mag het om enige beslissing of opdrag van 'n lid te bekragtig, te wysig of tersyde te stel op enige wyse hoegenaamd en enige beslissing van die Bestuur is finaal en bindend;
- 9.2.2 Dit berus uitsluitlik in die diskresie van die Bestuur volgens welke prosedure hy die appèl wil bereg en of hy mondelinge getuienis wil aanhoor of nie;
- 9.2.3 Die Bestuur mag na goeëdunke gelas dat die voormelde bedrag van twee honderd rand (R200.00) terugbetaal of behou word.
- 9.3 Enige lid kan by die Bestuur appèlleer teen enige besluit of opdrag :
- 9.3.1 Indien enige persoon 'n verteenwoordiger in die Bestuur is en deelgeneem het aan die verrigtinge van die lid wat vir die beslissing of opdrag verantwoordelik is, hy hom by die aanhoor van die appèl moet onttrek. Hierdie verteenwoordiger se vakature wat ontstaan, moet deur die Bestuur uit die betrokke lede gevul word.
- 9.3.2 Enige lid sal die reg hê om bygestaan te word deur 'n Regsverteenwoordiger / of bystand deur die lid van sy keuse met die oorweging van sy / haar appèl. Die Voorsitter van die Bestuurskomitee moet die lid inlig van sy reg tot appèl na SANPO ingevolge artikel 10.1.2 van SANPO Konstitusie.



9.3.3 SANPO Streekverteenwoordiger moet skriftelik in kennis gestel word van die lid se voorneme om te appéleer na SANPO.

9.3.4 Indien 'n lid geskors word of sy lidmaatskap beëindig word, moet SANPO Streekverteenwoordiger binne drie (3) dae na so 'n bevel gemaak is, skriftelik ingelig word.

10. VERGADERINGS

10.1 Algemene Jaarvergadering (AJV)

10.1.1 'n AJV van lede moet jaarliks gedurende Maart of so gou moontlik daarna, maar nie later as 30 April van elke jaar gehou word.

10.1.2 Die lede teenwoordig by 'n AJV maak 'n kworum uit.

10.1.3 'n AJV het slegs die bevoegdheid om die spesifieke sake wat vir oorweging in die kennisgewing van die Vergadering uiteengesit is, te opper, te bespreek en daaroor te besluit.

10.1.4 Die Voorsitter, Vise Voorsitter of in hul afwesigheid, enige lid wat deur die Vergadering verkies word, mag as Voorsitter van 'n AJV optree.

10.1.5 Die Voorsitter skryf die prosedure voor wat by enige vergadering gevolg word, behalwe dat :

10.1.5.1 Daar oor alle sake besluit word deur die opsteek van hande, tensy 'n mosie ten dien effekte deur 'n



behoorlik gesekondeerde lid ingedien word, sal beslissings per stembrief geneem word;

10.1.5.2 'n Vergadering verdaag kan word tot sodanige tyd as wat die meerderheid van die lede aandui, met dien verstande dat daar by die verdaagde Vergadering geen sake behandel mag word wat by die oorspronklike Vergadering behandel kon gewees het nie behalwe dat daar nie kennis van sodanige Vergadering gegee hoef te word nie.

10.2 'n Spesiale Algemene Vergadering (SAV)

10.2.1 'n SAV van lede word kragtens 'n besluit van die Bestuur gehou of na ontvangs deur die Liga Sekretaris van 'n skriftelike versoek waarin die doel van die Vergadering uiteengesit is.

10.2.2 'n SAV het slegs die bevoegdheid om die spesifieke sake wat vir oorweging in die kennisgewing van die Vergadering uiteengesit is, te opper, te bespreek en daaroor te besluit.

10.3 In die geval van 'n gelykheid in stemme, sal die Liga Voorsitter 'n beslissende stem hê.

10.4 Kennisgewings

10.4.1 Kennis van vergaderings moet skriftelik, veertien (14) dae voor die datum van die vergaderings gegee word en die sakelys moet in die kennisgewing uiteengesit wees.



- 10.4.2 Die veertien (14) dae sal gereken word vanaf die datum waarop die Posowerheid se stempel op die kennisgewing verskyn.
- 10.4.3 Elke lid sal 'n posadres by die Liga registreer, en wanneer volgens hierdie reëls, voorsien word dat kennisgewings aan 'n lid gestuur word, sal dit aanvaar word dat tydige en korrekte kennisgewing aan so 'n lid gestuur is, indien 'n vooruitbetaalde brief per pos aan so 'n adres gestuur is.
- 10.4.4 Indien daar per abuis nagelaat word om kennis te gee aan enige persoon wat daarop geregtig is om teenwoordig te wees, maak dit nie die verrigtinge van daardie vergadering ongeldig nie.
- 10.4.5 Elke lid moet skriftelik of per e-pos verwittig word van die opstel, wysiging of herroeping van 'n verordering deur die Bestuur. Die notule dien as kennisgewing.

11. LIDMAATSKAP

11.1 Affilasie

- 11.1.1 Enige lid in die Weskaap soos deur die algemene jaar vergadering goedgekeur.
- 11.1.2 Aansoek om affilasie moet skriftelik gedoen word op die wyse wat deur die Bestuur voorgeskryf word. Die affilasie aansluitingsfooie word jaarliks op die AJV vasgestel.



11.1.3 Die Bestuur kan enige aansoek goedkeur of verwerp.

11.1.4 Enige persoon, ongeag ras, kleur geloof of geslag is geregtig om lid van die Liga te word, onderhewig aan die bepalinge van in die volgende klousules.

11.2 Liga lidmaatskap

11.2.1 'n Aanvaarde Klublid moet 'n aansoek indien op die voorgeskrewe wyse, behoorlik ondersteun deur die Voorsitter en Sekretaris van die betrokke Klub, tesame met 'n uitklaringsbewys van sy vorige Klub (indien van toepassing) en die vasgestelde ledegeld.

11.2.2 'n Aansoek om Liga Lidmaatskap word deur die Bestuur aangehoor vir aanvaarding of andersinds. Indien goedgekeur en lid nie oor 'n SANPO nommer beskik nie, moet die Tesourier van die Liga op die voorgeskrewe wyse deur SANPO gemelde lidnommer vanaf SANPO aanvra.

11.2.3 'n Afgekeurde applikant sal nie weer in aanmerking kom vir lidmaatskap binne twaalf (12) maande vanaf die dag waarop kennis van die afkeur gegee is nie. Die beslissing van afkeuring deur die Liga is appèlleerbaar na SANPO.

11.2.4 Slegs persone wat as lede van die Liga toegelaat is, mag lede van enige Klub wees en indien enige persoon ophou om lid te



wees van die Liga, hou hy *ipso facto* op om lid te wees van sodanige Klub waarby hy aangesluit het en omgekeerd.

11.2.5 Geen lid het enige reg of aanspraak op die eiendom of fondse van die Liga nie.

11.3 Lidmaatskap Beëindiging

11.3.1 'n Verkiesing tot lid kan deur die Bestuur gekanselleer word, indien daar na die mening van die Bestuur 'n wesentliche wanvoorstelling of fout met betrekking tot die lid was.

11.3.2 Enige lid wat uit die Liga wil bedank, moet die Liga Sekretaris skriftelik van sodanige voorneme verwittig voor die eerste dag van November van elke jaar anders sal so 'n lid steeds as lid beskou word en aanspreeklik wees vir die daaropvolgende jaar se ledegeld.

11.3.3 Nieteenstaande dat 'n lid sy lidmaatskap van die Liga bedank het, sal so 'n lid steeds aanspreeklik by die Liga wees vir :

11.3.3.1 Alle agterstallige gelde.

11.3.3.2 Enige skulde deur die lid aangegaan teenoor die Liga.

11.3.3.3 Die lid se deel van skulde aangegaan deur die Liga gedurende sy periode van lidmaatskap.



- 11.3.4 Wanneer 'n lid se lidmaatskap gekanselleer is, of wat uitgesit of geskors is of wat bedank het.

- 11.3.5 Lidmaatskap sal outomaties verbeur word wanneer daar enige finansiële verpligting bestaan wat in die vorige wedvlugjaar ontstaan het :
 - 11.3.5.1 Bly hy aanspreeklik vir ledegeld wat nog betaalbaar is of ander fondse wat hy nog nie betaal het nie;
 - 11.3.5.2 Uitklaringsbewys (skoonskrif)

- 11.3.6 'n Uitklaringsbewys (skoonskrif) moet vervat :
 - 11.3.6.1 Lid besonderhede, insluitend SANPO lidnommer.
 - 11.3.6.2 Vorige Klub besonderhede;
 - 11.3.6.3 Gedrag van die lid;
 - 11.3.6.4 Finansiële verpligtinge by die Klub sowel as Liga;
 - 11.3.6.5 Of die lid uit eie keuse die Klub verlaat het.

- 11.3.7 Elke Klub wat 'n Uitklaringsbewys wil uitreik moet alvorens hulle dit doen, skriftelik met die Liga Tesourier kontak maak om te



verneem of daar enige verdere finansiële verpligting deur die lid aanspreeklik is.

11.4 Verder sal enige lid wat finansiële aanspreeklikheid het teenoor die Liga en die vergunning gemaak is omdat hy 'n lid van die Liga is, sal die lid nie verder aan enige wedvlugte mag deelneem nie totdat die nodige aansuiwerings gedoen is in hierdie verband.

11.5 Junior Lede

11.5.1 Persone jonger as agtien (18) jaar mag as junior lede aansoek doen by die Liga en sal die Bestuur beslis oor die aanvaarding van so 'n lid en veral of so 'n lid 'n *bona fide* junior is.

11.5.2 Junior lede sal aanspreeklik wees vir die betaling van ledegeld soos van tyd tot tyd deur die Bestuur bepaal. Junior lede sal vir geen ander gelde of uitgawes in die Liga aanspreeklik wees nie.

11.5.3 'n Ses (6) duif beperking per wedvlug sal geld. Die Bestuur kan van tyd tot tyd gemelde duifbeperking wysig na goeë dunde.

11.5.4 Junior lede se duiwe sal saam met die duiwe van ander Ligalede ingekorf word om aan geskeduleerde wedvlugte van die Liga deel te neem.

11.5.5 Junior lede sal nie verteenwoordiging op die Bestuur hê nie, maar sal altyd welkom wees om voorstelle of versoeke aan die Bestuur voor te lê deur die betrokke Klub Voorsitters.



- 11.5.6 'n Junior lid kan ook nie in aanmerking kom as lid van die Bestuur nie.
- 11.5.7 Junior lede sal vir eie, aparte puntestelstel meeding en nie kwalifiseer vir enige prysgeld in die Liga nie.
- 11.5.8 Verder sal alle reëls en bepalings vervat in hierdie Grondwet net so op junior lede van toepassing wees.
- 11.5.9 Indien 'n junior lid se ouer ook 'n lid van die Liga is en/of aan duiwewedvlugte deelneem en/of enigsins bemoeid is by die duiwesport :
- 11.5.9.1 Moet sodanige junior lid se duiwe elke jaar geregistreer word by die Liga Wedvlug Sekretaris;
- 11.5.9.2 Geen duiwe mag op geen stadium op die junior lid se naam gevlieg word ten einde duiwe vir die ouer te beproef nie;
- 11.5.9.3 Sodanige duiwe mag vir een (1) jaar nadat sodanige junior lid met die duiwe deelgeneem het, nie vir die ouers van so 'n junior deelneem nie.
- 11.5.10 Junior lede moet self hul duiwe inkorf en indien nodig deur senior lede bygestaan word.



12. BEPALING VAN AFSTANDE

- 12.1 Aansoeke vir afstande moet minstens een (1) maand voordat die wedvlugreeks waaraan 'n lid wil deelneem in aanvang neem, by die Liga Wedvlug Sekretaris ingedien word. Die betaling vir die bedrag verskuldig om die koste hieraan verbonde te dek, moet die aansoek vergesel alvorens die afstande bepaal sal word.
- 12.2 Lede wat nog nie oor afstande beskik nie, word toegelaat om mee te ding volgens die afstande van 'n hok waarvan die afstande reeds bekend is en welke afstande tot sy minste nadeel sal strek.
- 12.3 Hokopmetings moet gedoen word deur middel van 'n GPS deur bevoegde lede. Die name van die lede moet aan die Ligabestuur voorgelê word vir bekragtiging. Die Liga Wedvlugsekretaris moet die inligting van die hokopmetings vir die korrektheid daarvan nagaan. **(Wysiging 1 / 2009)**
- 12.4 Wanneer 'n lid se hok verder as twintig (20) meter verskuif word, moet hy opnuut aansoek doen vir afstande.

13. FINANSIËLE AANGELEENTHEDE

13.1 Ledegeld

13.1.1 Ledegeld se geldigheid strek vanaf 1 Maart 'n jaar tot die Algemene Jaarvergadering van die volgende jaar.

13.1.2 Ledegeld word jaarliks deur die Bestuur bepaal.



13.1.3 Ledegeld is betaalbaar nie later as voor die aanvang van die Algemene Jaarvergadering nie.

13.1.4 Die Klub neem die ledegeld in ontvangs, 'n gelykstaande bedrag moet aan die Liga Tesourier betaal word en terselfdertyd moet 'n gedetailleerde Klub ledelys voorsien word wat aandui :

13.1.4.1 Lid naam, Hok naam (indien van toepassing, Adres, Telefoonnommers, Pos- sowel as woonadres, Pos vervul op sy Klubbestuur).

13.1.4.2 Moet aantoon wie se ledegeld betaal is.

13.1.4.3 By vennootskap hokke wie die genomineerde stemgeregtigde is.

13.1.5 Enige lid wat in gebreke bly om sy jaarlikse ledegeld of enige skulde op die ooreengekome betaaldatum te betaal :

13.1.5.1 Word nie toegelaat en is nie geregtig daarop om identifikasie ringe te kry nie;

13.1.5.2 Aan enige wedvlug deel te neem nie;

13.1.5.3 Of by enige Algemene Vergadering te stem nie tot tyd en wyl sy agterstallige ledegeld ten volle aan die Liga betaal is;



13.1.5.4 Verder sal sodanige lid nie bygereken word vir enige beplanning van die komende seisoen nie.

13.1.6 Waar 'n duiwehok deur 'n vennootskap besit of beheer word, word die vennootskap vir die doeleindes van die heffing van die jaarlikse ledegeld as een lid beskou en slegs die jaarlikse ledegeld vir een persoon is aan die Liga betaalbaar.

13.2 Finansies

13.2.1 Die Liga se boekjaar strek vanaf 1 Maart tot die 28/29ste dag van Februarie van die volgende jaar.

13.2.2 Die Liga moet behoorlik boekhou, of laat boekhou, van die Liga se sake en die Bestuur moet by elke Algemene Jaarvergadering 'n balansstaat, 'n inkomste- en uitgawestaat en 'n verslag van die Liga se sake indien.

13.2.3 Die Liga se boeke en rekeninge moet so gou moontlik na die afsluiting van elke boekjaar gebalanseer en dan geouditeer word. 'n Sertifikaat dat die boekhouding van die Liga behoorlik bygehou is, moet jaarliks voor 31 Julie aan die Tesourier van SANPO, tesame met die verskuldigde ledegeld en ledelys verstrek word.

13.2.4 Daar sal per tjek/elektronies betaal word vir alle sake wat deur die Liga gedoen word.



13.2.5 Elke beampte en lid van die Liga is daarop geregtig om te alle redelike tye die rekeningboeke en ander stukke van die Liga te inspekteer en die Sekretaris, Tesourier en die Wedvlug Sekretaris of ander bewaarder is dienooreenkomstig verplig om dit te oorhandig.

13.2.6 Elke lid van die Bestuur, lid van die Liga, agent of dienaar van die Liga, word uit laasgenoemde se fondse vergoed vir enige koste, onkoste, uitgawe, verlies en verpligting wat hy aangegaan het in die bestuur van die Liga se sake of in die uitvoering van sy pligte en geen sodanige persoon is aanspreeklik vir die optrede of pligsversuim van enige ander persoon op grond daarvan dat hy deel gehad in die ontvangs van geld wat hy nie persoonlik ontvang het nie, of vir enige verlies op grond van 'n defek in die eiendomsreg van enige eiendom wat die Liga bekom het, of op grond van die ontoereikendheid van enige sekuriteit waarin enige geld van die Liga belê is, of vir enige verlies wat gely is om enige rede hoegenaamd anders as sy eie opsetlike optrede of wanprestasie nie.

14. **WEDVLUGPROGRAM**

14.1 Die wedvlugprogram word deur die Bestuur opgestel.



- 14.2 Die wedvlugroete word elke jaar, vir die volgende jaar, deur die lede bepaal op 'n Algemene Jaarvergadering of Spesiale Algemene Vergadering.
- 14.3 'n Wedvlugprogram met volledige besonderhede soos loslatingsplekke, vervoergelde, inskrywingsgeld, datums van inkorwing, loslatings, inskrywingsbeperkings en so meer, moet minstens twee (2) maande voor die eerste wedvlug aan elke lid beskikbaar gestel word. Die Liga se wedvlugprogram moet jaarliks op SANPO se webblad geplaas word voor die aanvang van die eerste wedvlug.
- 14.4 Daar sal altyd in die wedvlugprogram voorsiening gemaak word vir gelyke hoeveelheid kort-/middelaafstand wedvlugte (onder 500 km) en middel-/langafstand wedvlugte (bo 500 km) so ver moontlik, soos gemeet vanaf Bellville. Geen jaaroud duif mag aan wedvlugte verder as 1000 km deelneem nie.
15. **VERVOER, BEGELEIDING EN LOSLATING VAN DUIWE**
- 15.1 Duiwe word met die Liga se eie padvervoer vir oefenvlugte en wedvlugte vervoer. Indien padvervoer om een of ander rede nie uitvoerbaar is nie, word aan die Bestuur bevoegdheid verleen om enige ander metode van vervoer na goeddunke by wyse van 'n verordening uit te vaardig, asook om toepaslike reëls vir dié doel neer te lê.
- 15.2 'n Vragmotor bestuurder (wat nie 'n vlieënde lid van die Liga mag wees nie) wat deur die Bestuur aangewys word, moet in bevel wees van die



vragmotor wat gebruik word vir die vervoer, versorging en loslating van wedvlugduiwe. Die vragmotorbestuurder moet bevredigend deur die Voorsitter of Bestuurslid soos deur Voorsitter aangewys, opgelei word. Die neem van korrekte lesings deur middel van 'n GPS wat deur die Liga verskaf word en terugvoer aan die Liga Voorsitter oor verlangde besonderhede met loslating op loslatingspunt, moet beklemtoon word. Die vervoer, begeleiding en loslating van duiwe moet altyd geskied ingevolge SANPO voorskrifte soos ooreengekom met die DBV.

- 15.3 'n Amptelike Begeleier sal ten alle tye, waar duiwe vervoer word, die vragmotor bestuurder vergesel.
- 15.4 Toerusting vir die voorsiening van kos / water aan duiwe tydens wedvlugte, word deur die Liga voorsien en betaal. Daar moet te alle tye wanneer duiwe na wedvlugpunte vervoer word, geskikte en genoegsame kos en skoon water op vragmotor gestoor word en aan duiwe voorsien word soos vooraf gereël.
- 15.5 Loslatingstye sal deur die Bestuur bepaal word, met dien verstande dat slegs onder omstandighede buite beheer mag loslating op 'n Sondag plaasvind, maar in ieder geval, met inagneming van weersomstandighede, so vroeg moontlik. Die neergelegde voorsorgmaatreëls tydens loslatings soos deur SANPO Konstitusie vereis, moet nagekom word.
- 15.6 Loslating vir elke bepaalde wedvlug moet gesamentlik en gelyktydig plaasvind.



- 15.7 Indien die Vragmotorbestuurder van 'n duiweklok voorsien word, moet die presiese tyd van loslating deur die Begeleier by wyse van 'n slag op 'n duiweklok geslaan word en hierdie klok moet ook gestel.
- 15.8 Die Begeleier moet ook so gou moontlik nadat die loslating plaasgevind het, die Liga Wedvlug Sekretaris per telefoon in kennis stel van die tyd van loslating en die weersomstandighede op daardie oomblik asook die korrekte koördinate soos per GPS lesing.
- 15.9 Die loslatingstyd moet op die Begeleier se verslagvorm deur 'n amptenaar van die SAPD (Suid-Afrikaanse Polisiediens) of 'n ander verantwoordelike persoon op die plek van loslating bevestig word.
- 15.10 Die Liga Wedvlug Sekretaris of sy genomineerde moet na ontvangs van die loslatingsboodskap, aan al die lede, deur middel van 'n bandantwoorddiens, die inhoud daarvan meedeel.
- 15.11 Slegs die Liga Wedvlug Sekretaris of sy gevolmagtigde word toegelaat om opdragte aan die Begeleier te gee of met hom in kontak te kom. Dit is verkieslik dat hierdie opdragte op skrif gestel word.
- 15.12 Die Begeleier moet van elke wedvlug 'n skriftelike verslag indien oor al die gebeure vanaf die tyd van sy vertrek vanaf die eerste Klub waar duiwe opgelaai word tot en met sy terugkeer. Die inligting wat verlang word, sal op die opdragvorm wat aan hom voor elke wedvlug oorhandig word, verskyn.



15.13 SANPO reik jaarliks 'n sertifikaat uit as bewys dat die Liga se wedvlugduiwe onderworpe was aan toetsing vir die gebruik van verbode middels. Die sertifikaat moet aan die Vragmotorbestuurder oorhandig word vir bewaring op die vragmotor en 'n afskrif bewaar word deur die Sekretaris van die Liga.

16. OORNAGWEDVLUGTE

Indien alle posisies nie op dag van loslating gevul is nie as gevolg van 'n oornagwedvlug, sal die volgende bepalings van toepassing wees :

16.1 Die wedvlug sluit vir die dag, **DEERTIG** (30) minute na sonsondergang en heropen die volgende dag, **VYFTIEN** (15) minute voor sonsopkoms;

16.2 'n Duif wat in die donkerure geklok word, open die wedvlug en die wedvlug sluit weer **VYF** (5) minute na die duif se tyd tot **VYFTIEN** (15) minute voor sonsopkoms;

16.3 Die tye vir sonsondergang en sonsopkoms sal deur die Liga Wedvlug Sekretaris by die Suid-Afrikaanse Weerburo soos van toepassing op Klerksdorp bekom word en aan die Wedvlug Sekretaris van elke Klub verstrek word ten einde die berekening van wedvluguitslae moontlik te maak.

16.4 'n Wedvlug sluit finaal af met die eerste duif se snelheid wat minder dan vier honderd en vyftig (450) meter per minuut is. Geen duif wat se snelheid minder dan vier honderd en vyftig (450) meter per minuut in 'n betrokke wedvlug is, sal 'n posisie in die betrokke wedvlug ontvang nie.



17. **INKORWING**

(Sien: Bylae “E”- SANPO Klokreëls vir Meganiese klokreëls en Appendix “F” –
Electronic ring and scanning systems)

17.1 Seël van korwe

17.2 Voordat duiwes vir ‘n wedvlug ingekorf mag word, moet die groot uitlaatdeure van die wedvlugkorwe op die twee (2) plekke met tweestring seëldraad en elke draad met ‘n loodseël verseël word.

17.3 Elke groot uitlaatdeur moet ook op twee (2) plekke met ‘n “cable tie” verseël wees.

17.4 Waar meer dan een wedvlug op dieselfde dag ingekorf moet word, moet elke wedvlug se duiwes klaar ingekorf en die mandjies geseël wees alvorens daar begin word om die volgende wedvlug se duiwes in te korf.

17.5 Nadat al die duiwes ingekorf is, moet die inlaatdeurtjies van die wedvlugkorwe ook met tweestring seëldraad en ‘n loodseël verseël word voordat die korwe van die plek van inkorwing weggeneem mag word.

17.6 Elke inlaatdeur moet ook met “cable tie” verseël wees.

17.7 Die korwe moet vanaf die oomblik dat inkorwing in aanvang neem totdat dit op die voertuig wat die duiwes vervoer, gelaai word, voortdurend onder toesig wees van minstens vier (4) lede waarvan twee (2) nie



familieverwant mag wees nie. Met betrekking tot Bothaville en Wesselsbron sal die volgende bepalings geld :

17.7.1 Nadat alle duiwe ingekorf is, die korwe behoorlik geseël is en alle lede die Klubhuis verlaat het, moet die Klubhuis met die korwe binne in toegesluit word met 'n slot of slotte waarvan slegs die Vragmotorbestuurder en sy Begeleier sleutels het;

17.7.2 Die Vragmotorbestuurder en sy Begeleier sal met hul aankoms by die betrokke Klubhuis die slot of slotte oopsluit, die korwe op die vragmotor laai, die leë korwe in die Klubhuis plaas, die ongesluite slot of slotte in die Klubhuis laat en die Klubhuis toesluit met die betrokke Klub se eie slot, voordat hul vertrek;

17.7.3 Geen lede sal geregtig wees om toegang tot die Klubhuis en/of die korwe te verkry nadat die Klubhuis gesluit is en totdat die korwe verwyder en opgelaaai is.

17.7.4 Indien die Vragmotorbestuurder en sy Begeleier enigins vermoed dat enige van die subreëls hierin vervat nie nagekom is nie of verbreek is, sal hy / hulle onmiddellik die Liga Voorsitter telefonies skakel om verder ondersoek in te stel en indien nodig gepaste stappe te neem.

17.8 Voorbereiding



Lede word toegelaat om afsonderlik in te korf, maar wanneer die Bestuur so 'n verordening uitvaardig, moet alle lede gesamentlik inkorf op 'n plek en datum soos bepaal mag word.

17.8.1 Inkorwing en ring van wedvlugduiwe mag nie in aanvang neem alvorens daar minstens vier (4) lede waarvan twee (2) nie familieverwant moet wees nie, teenwoordig is.

17.8.2 Die getal rubberringe met papieretikette benodig vir die inkorwing van 'n lid se duiwe moet, voordat sy duiwe daarmee gering word, so vir die betrokke duiwe afgesonder word en sal die lid nie daartoe toegang hê nie.

17.8.3 Alle duiwe wat in wedvlugte meeding, moet van rubberwedvlugringe of elektroniese wedvlugringe wat deur die Liga goedgekeur is, voorsien word.

17.9 Inkorwing van duiwe

17.9.1 Die lid sal sy deelnemende duiwe uit sy mandjie verwyder en die duiwe se identifikasie ringe blootstel aan 'n ringleser wat die totale identifikasie besonderhede op die ring aan 'n skryfbeampte uitlees.

17.9.2 Dit is ontoelaatbaar vir 'n lid om self die nommers van die duiwe tydens inkorwing aan die skrywer van rubberringnommers uit te lees.



17.9.3 Die volle besonderhede wat op die identifikasie ring verskyn, moet presies so op die wedvluginskrywingsvorm aangedui word.

17.9.4 Die skryfbeampte sal die nodige inskrywings en regstellings op die inskrywingsvorm aanbring en daarby teken.

17.9.5 Die lid sal dan die duif se poot in 'n ringer plaas om 'n rubberring korrek aan die been van die duif te laat sit.

17.10 Kontroleur sal toesien dat :

17.10.1 Elke duif 'n rubberring dra wat behoorlik om die duif se been geplaas is;

17.10.2 Elke duif wat ingekorf word, die erkende rubberring vertoon en dat dit korrek om die duif se poot geplaas is :

17.10.2.1 Nadat die duif op die voormelde wyse geïnspekteer is, sal die Kontroleur die lid aansê om die duif in die wedvlugkorf te plaas soos deur die skryfbeampte aangedui;

17.10.2.2 Die persoon wat die duif in die korf plaas, moet sy hande duidelik aan die Kontroleur vertoon nadat die duif ingeplaas is om aan te toon dat die rubberring nie verwyder is nie en dat die lid geen rubberring in enige hand hou nie. Lede wie



elektroniese klokke gebruik, moet enige ringe/horlosie van hulle vingers/hande verwyder voor die mandjie van hulle duiwe en hulle hande oor die inkorf eenheid plaas vir kontrole doeleindes.

17.10.3 Die voorgaande prosedure sal herhaal word ten opsigte van elke deelnemende duif.

17.11 Sekuriteit

17.11.1 Al die oorspronklike wedvluginskrywingsvorme van elke lid moet net nadat ingekorf is, in 'n toegeplakte koevert aan die Liga Tesourier besorg word.

17.11.2 Die korresponderende rubberringe etikette gebruik vir die ring van die duiwe en afskrifte van inskrywingsvorme van elke lid, moet in 'n afsonderlike koevert toegeplak en deur die Amptenaar in veilige bewaring gehou word totdat die lid se klok gelees word.

18. DEELNEMENDE DUIWE

18.1 Welke duiwe mag aan wedvlugte deelneem :

18.1.1 Duiwe gering met die amptelike registrasering wat deur SANPO uitgereik is.



- 18.1.2 Die uitreikingsdatum van identifikasie ringe is op 29 Desember van elke jaar.
- 18.1.3 Letters, jaar van uitreiking en 'n volgnommer moet op elke identifikasie ring verskyn.
- 18.1.4 Alle lede moet elke jaar op 'n vorm wat deur die Liga voorgeskryf word, volledige besonderhede van alle duiwe wat 'n lid voornemens is om in wedvlugte in te skryf, by die Liga ingedien word sou die Liga dit so verlang. As 'n lid egter van voorneme is om meer as een span duiwe te vlieg, moet die lid die span duiwe apart registreer en sal die duiwe as 'n span apart meeding. Sodanige vorm moet verstrekk word minstens veertien (14) dae voor die eerste wedvlug van die betrokke seisoen. Die vorm moet in drievoud by die Liga ingedien word wat die getekende oorspronklike aan die Liga se Wedvlug Sekretaris sal oorhandig om in sy ringregistrasie te liasseer. Die Liga sal 'n getekende afskrif aan die lid terugbesorg. Die ander afskrif word deur die Liga behou vir sy rekords. Geen duif wat nie soos voormeld geregistreer is nie, sal toegelaat word om aan enige wedvlug in die Liga deel te neem gedurende die betrokke jaar nie. Aanvullende lyste mag gedurende die seisoen ingehandig word.
- 18.1.5 Geen ringe wat behoorlik uitgereik is, mag oorgemaak of anders vervreem word aan enige persoon wat nie 'n lid van die Liga is nie.



18.1.6 Geen lid is daarop geregtig om aangekoopte identifikasie ringe terug te stuur teen terugbetaling van die bedrag wat daarvoor betaal is nie.

18.1.7 Deur ondertekening van die wedvluginskrywingsvorm sertifiseer die lid dat elke duif as sulks ingeskryf, sy bona fide eiendom is. Daar word dus aanvaar dat vreemde duiwe met vooraf skriftelike toestemming van die eienaar gevlieg word.

18.1.7.1 Enige vreemde duif moet onmiddellik by die Liga se Ringbeampte aangemeld word met volle besonderhede van die duif se identifikasie ring. Om die eienaar van vreemde duiwe op te spoor, moet 'n merker wat die telefoonnommer aandui van die Ringbeampte van die Liga, aan die duif se poot of onder die vlerk aangebring word. Die merker mag aan die elektroniese ring / of 'n plastiese merkring geheg word of deur middel van 'n stempel onder die duif se vlerk. Die nommer aangebring op die merker, mag nie die nommer van die deelnemende lid wees nie.

18.2 Welke duiwe mag aan Jaaroudwedvlugte deelneem

18.2.1 Slegs duiwe wat gering is met ringe wat na Januarie van die vorige jaar uitgereik is deur die Liga of deur 'n ander erkende genootskap. Geen duiwe mag in die jaar van sy geboorte of die jaar daarna aan wedvlugte verder as 850 km deelneem nie.



18.2.2 Wanneer die duif gering is met 'n ring uitgereik deur 'n ander organisasie, die uitreikingsdatum van ringe nie vroeër as die Ligas'n nie.

18.2.3 Ingeval van vreemde ringe moet 'n sertifikaat van die organisasie wat die ringe voorsien het en waarin aangedui word wanneer die ringe uitgereik is, ingedien word.

18.3 Welke duiwe mag aan Derby wedvlugte deelneem

18.3.1 Duiwe gering met uitgereikte Derby ringe wat deur die Liga uitgereik is, mag aan die Derby wedvlug deelneem.

18.3.2 'n Nuwe lid wat by 'n ander organisasie as die Liga aan wedvlugte deelgeneem het, kan met die vergunning van die Bestuur duiwe registreer om as Derby duiwe bekend te staan. Hierdie aansoek om registrasie moet op die voorgeskrewe vorm van die Liga gedoen word met vermelding van die duiwe se ringbesonderhede en ten minste een (1) maand voordat die wedvlugseisoen in aanvang neem by die Liga ingehandig word. Die voorgestelde bedrag soos deur die Liga bepaal, moet die aansoek vergesel. Ringe moet numeries in reeks van 10 geregistreer word.

18.4 Welke duiwe mag nie deelneem nie



- 18.4.1 Verdwaalde duiwe sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die wettige eienaar.
- 18.4.2 Wanneer die duif meer as een erkende identifikasie ring dra.
- 18.4.3 Wanneer die duif 'n naamring of 'n ander ring of merk vertoon wat die eienaar identifiseer.
- 18.4.4 Wat nie die geregistreerde eiendom is van die lid op wie se naam hulle ingeskryf word nie.
- 18.4.5 'n Duif wat nie 'n amptelike identifikasie ring dra wat deur die Liga of 'n erkende genootskap uitgereik is.
- 18.4.6 Wat nie soos vermeld teen Paramyxo geïmmuniseer is nie en/of 'n Paramyxo sertifikaat soos vermeld uitgereik is nie.

18.5 Bevestiging van Eienaarskap deur Klub

- 18.5.1 Identifikasie ringe wat deur die Liga verskaf en aan lede uitgereik word, moet deur die Liga op die voorgeskrewe vorm op die naam van sodanige lede geregistreer word.
- 18.5.2 Hierdie vorms moet in meervoud ingevul word.
- 18.5.3 Gemelde vorm moet die naam van die lid, sy adres, telefoonnommers en die nommers van die ringe aan hom uitgereik, aandui.



18.5.4 Die oorspronklike van elke lid moet op die laaste, dertig (30) dae voor die eerste wedvlug van elke jaar by die Liga Wedvlug Sekretaris geliasseer word en die afskrif vir Klub doeleindes gehou word.

19. ELEKTRONIESE KLOKKE

(Sien: Bylae "E"- SANPO Klokkeëls vir Meganiese klokkeëls en Appendix "F" – Electronic ring and scanning systems)

19.1 In die geval van lede wat gebruik maak van elektroniese klokke sal die reëls soos uitgevaardig deur SANPO, saamgelees met die betrokke reëls in hierdie Grondwet, van toepassing wees. Slegs die tipe elektroniese klokke en ringe soos deur SANPO bepaal, mag gebruik word.

19.2 Elektroniese klubsisteme of elektroniese-sleutels moet gedurende die wedvlugseisoen onder beheer en toesig van die Klub wees.

19.3 Met dien verstande en niteenstaande bogenoemde bepalings ten opsigte van die stel, seël, oopmaak en lees van klokke, die Grondwet soos vervat in die klokkeëls van krag bly.

20. KLOKKEËLS

(Sien: Bylae "E"- SANPO Klokkeëls vir Meganiese klokkeëls en Appendix "F" – Electronic ring and scanning systems)

20.1 Alle Klubs moet 'n klokkeëlskomitee, bestaande uit minstens drie (3) deelnemende lede, vernoem en die name van die lede daarvan moet, die



vermelding van hulle adresse en telefoonnommers moet dertig (30) dae voor die aanvang van die wedvlugseisoen, skriftelik aan die Liga Wedvlug Sekretaris verstrek word. Daar moet ook 'n klokkomitee hoof aangestel word uit die genoemde lede wat verder sal bekend staan as Klokhoof.

20.2 Inspeksie van klokke

20.2.1 Slegs kloktipes wat vooraf deur die Bestuur goedgekeur is, mag gebruik word.

20.2.2 'n Lid wat aan wedvlugte wil deelneem moet, minstens veertien (14) dae, maar nie meer as een en twintig (21) dae voor die aanvang van die eerste wedvlug van enige reeks, sy klok in goeie werkende toestand inlewer by die Klub klokkomitee.

20.2.3 Die klokke moet deur die Klub klokkomitee nagesien, opgewen, verseël met loodseëls en aan die gang gesit word op dieselfde wyse asof dit vir 'n wedvlug gereed gemaak word.

20.2.4 Nadat 48 uur, maar nie meer dan 72 uur verloop het nie, moet die klokke weer geslaan word.

20.2.5 Wanneer enige klok by die inspeksie of gedurende wedvlugreeks nie aan die vereiste klokreëls voldoen nie, moet so 'n klok deur die betrokke eienaar, op sy koste herstel word tot die bevrediging van die klokkomitee. Die klokkomitee moet voordat die klok gebruik word, op dieselfde wyse te werk gaan soos vooraf uiteengesit.



20.2.6 Slegs die klokkomitee mag hierdie seël breek en die klok weer van 'n vars seël voorsien. Die verpligting rus egter op die eienaar van 'n klok om toe te sien dat wanneer hy sy klok wegneem, dit verseël is met 'n loodseël en dat dit verseël bly totdat hy dit weer aan die klokkomitee, vir welke rede ook al, moet oorhandig.

20.2.7 Seëltange van elke Klub moet voortdurend deur die Liga in veilige bewaring gehou word ten einde misbruik daarvan te voorkom.

20.3 Stel van klokke

20.3.1 In teenwoordigheid van ten minste drie (3) klokkomiteeëde wat die Klokhof moet insluit, moet die klok gestel word op die korrekte wyse.

20.3.2 Klokke word op die inkorfdag gestel en aan die gang gesit, behalwe in 'n geval waar die klok defek raak.

20.3.3 Konvensionele klokke

20.3.3.1 Wanneer 'n klok gestel word, moet die klokrol deur twee (2) lede van die klokkomitee geteken word, met vermelding van die lid se naam, nommer van die klok, die naam van die wedvlug en die datum waarop die klok gestel is. Die lid is geregtig om



indien hy dit verkies, ook te teken. Wanneer hy dit doen, of verkies om dit nie te doen nie, word aanvaar dat hy tevrede is dat sy klok behoorlik opgewen is, daar genoeg papier op die klokrol is en dat sy klok korrek gestel en in orde is.

20.3.3.2 Geen lid mag sy eie klok stel nie.

20.3.4 Elektroniese klokke

20.3.4.1 Slegs klokke deur SANPO goedgekeur mag gebruik word.

20.3.4.2 Klokke waarvan die aansit, nasien slag nie op die drukstuk gedruk word nie, mag nie deur die lid self gestel word nie.

20.3.5 Die erkende tydsein sal die tyd volgens 1026 wees.

20.3.6 Klokke moet gelyktydig in ooreenstemming met die sesde (6e) tuut ingeslaan word.

20.3.7 Na klokke ooreenkomstig geslaan is, moet 'n nasienslag geneem word :

20.3.7.1 Gelyktydig, binne twee (2) minute geneem word maar eers nadat een (1) minuut verloop het;



20.3.7.2 Hierdie tyd moet nie vooraf bepaal word nie en dit moet van tyd tot tyd afgewissel word;

20.3.7.3 Hierdie slag mag nie met meer as twee (2) sekondes verskil met die tyd waarop die teken vir die neem van die slag gegee is nie;

20.3.7.4 Wanneer die klok nie binne twee (2) sekondes toegelaat is nie, moet so 'n klok oorgestel word.

20.3.8 Na die nasienslag moet alle klokke ook deur 'n genomineerde van die Klub geslaan word (verder verwys as Voorsitterslag) en hierdie slagtyd moet in die Klub rekordboek aangeteken word.

20.3.9 Die klubrekord boek moet die volgende bevat :

20.3.9.1 Tyd van nasienslag.

20.3.9.2 Tyd van Voorsitterslag.

20.3.9.3 Gaatjienommer, waarin eerste rubberring sal verskyn.

20.4 Defektiewe klokke

20.4.1 Gedurende die tydperk wat 'n klok vir een of ander wedvlug verseël is, het enige lid van die Klub klokkomitee asook enige lid van die Bestuur, of 'n benoemde plaasvervanger die reg om so



‘n klok te eniger tyd te ondersoek, ‘n tydslag te maak en word ‘n defek gevind, op te tree op ‘n wyse wat goed geag word.

20.4.2 In geval ‘n lid se klok nadat dit vir ‘n wedvlug ingeslaan is, gaan staan of defek raak voor die aankoms van sy eerste duif, moet hy sy klok verseël aan die klokkomitee besorg :

20.4.2.1 Wat dit dan mag oorstel volgens die korrekte prosedure of;

20.4.2.2 Die lid mag by ‘n medelid inklok.

20.5 Met oornag wedvlugte

20.5.1 Waar daar nie genoeg duiwe op die betrokke dag geklok is om genoegsame posisies vol te maak nie, kan ‘n lid wat wel ‘n duif op die betrokke dag geklok het volgens sy uitsluitlike keuse, sy klok slaan op die erkende wyse, wat in die teenwoordigheid van drie (3) mededingende lede gedoen moet word.

20.5.2 ‘n Lid sal nie verplig wees om sy klok uit te slaan nie. Indien so ‘n lid se klok egter gaan staan of defektief raak nadat hy ‘n duif op ‘n betrokke dag geklok het en voordat sy klok uitgeslaan word, sal alleenlik verantwoordelik wees dat hy geen posisie ontvang vir die duiwe op die betrokke dag geklok nie en sal die Bestuur en/of sy Klubbestuur nie daarvoor verantwoordelik wees nie.



20.6 Geen klok sal aanvaar word wat :

20.6.1 Gaan staan, na tyd van inklok maar voordat die klok in ooreenstemming met 'n radio- of GPS tydsein geslaan word.

20.6.2 Oopgemaak is voordat dit geslaan is;

20.6.3 Indien die klokstrook van 'n klok middel deur geskeur is op enige plek tussen die oop- en toemaakponsgaatjies voordat die klok deur die klokkomitee oopgemaak is;

20.6.4 Nie plek beskikbaar het om ten minste 'n tyds slag te slaan by die uitslaan van klokke nie, as gevolg daarvan dat alle plek gebruik is om die klok in te slaan en duiwe daarmee te klok.

20.7 Uitslaan van klokke

20.7.1 Klokke moet gelyktydig in ooreenstemming met die sesde (6e) tuut uitgeslaan word.

20.7.2 Na klokke ooreenkomstig geslaan is, moet 'n nasienslag geneem word :

20.7.2.1 Gelyktydig, binne twee (2) minute geneem word maar eers nadat (1) minuut verloop het;

20.7.2.2 Hierdie tyd moet nie vooraf bepaal word nie en moet van tyd tot tyd afgewissel word.



20.7.2.3 Alvorens klokke geles word, moet alle slae in teenwoordigheid van minstens vier (4) mededingende lede geneem word.

20.7.3 Eers nadat die genoemde twee (2) slae geneem is, mag die klokkomitee die seël breek en die klokke oopmaak.

20.7.4 Wanneer 'n klok oopgemaak word, moet minstens vier (4) mededingende lede teenwoordig wees. 'n Lid is geregtig om teenwoordig te wees wanneer sy klok oopgemaak word. Die verantwoordelikheid berus egter by die lid wat self moet toesien dat hy, of sy plaasvervanger, teenwoordig is. Indien die lid nie van hierdie voorreg gebruik maak nie, word aanvaar dat dit met sy goedkeuring geskied.

20.8 Lees van klokke

20.8.1 Wanneer die klokke oopgemaak word, moet die Voorsitterslag op die klokstrook nagegaan word dat dit ooreenstem met die tyd soos aangeteken in die Klub rekordboek.

20.8.2 Elke klokrol moet die vereiste drie (3) tydslae van die mandjieaand aandui. Aansitslag, Kontroleslag en Voorsitterslag.

20.8.3 Indien 'n gaatjie waarin 'n rubberring veronderstel is om te wees, leeg is of 'n verkeerde ring in daardie gaatjie geplaas is



wanneer klokke oopgemaak word, moet die tyd op die klokrol wat met daardie gaatjie ooreenstem, gekanselleer word.

20.8.4 Rubberringe moet behoorlik in die kompartement of doppie daarvoor bedoel, geplaas word. Wanneer die klokkomiteelid die ruberring uithaal, moet hy oortuig wees dat dit geheel en al in die kompartement of doppie waarin dit moet wees, was.

20.8.5 Die rubberring se reeks- en kontrolenommer moet nagesien word met dié van die papieretiket en met dit wat op die wedvluginskrywingsvorm geskryf staan, indien dit verskil met die rubberingnommer, moet die nommer aan die binnekant van die rubberring vergelyk word met die nommer aan die binnekant van die etiket. Indien hierdie nommers ooreenstem, moet 'n aantekening tot dien effekte gemaak word.

20.8.6 Indien dit gebeur dat 'n lid by die inskryf van 'n rubberringnommer op die wedvluginskrywingsvorm 'n fout begaan, kan die Bestuur van die betrokke Klub, indien daarvan oortuig dat geen onreëlmatighede plaasgevind het nie, sodanige fout kondoneer en die prestasie toeken.

20.8.7 Klokstroke word altyd tot nadeel gelees en klokvariasie word bepaal op die erkende tydsein.

20.8.8 Ingeval 'n klok meer as twee (2) sekondes per uur wen, word die variasie buite rekening gelaat.



20.8.9 Ingeval 'n klok meer as twee (2) sekondes per uur verloor, moet dubbeld die tyd verloor, bygetel word by die berekening van klokvariasie.

20.8.10 Indien 'n klok of klokstrook of rubberring nie aan die vereistes soos hierin gestel voldoen nie, moet die aangeleentheid met verstrekking van volle besonderhede, binne vier en twintig (24) uur na die gebeure aan die Bestuur vir 'n beslissing voorgelê word.

20.9 Uitslae

20.9.1 Alle wedvlug uitslae moet binne drie (3) dae nadat die wedvlug voltooi is, in die Liga Wedvlug Sekretaris se besit wees.


20.9.2 Indien 'n Klub se wedvluguitslae nie binne die toegelate tyd in die besit van die Liga Wedvlug Sekretaris geplaas is nie, moet die Liga Wedvlug Sekretaris die betrokke Klub in kennis stel dat die vereiste stukke nog nie ontvang is nie.

20.9.3 Indien sodanige stukke nog nie ontvang is binne ses (6) uur nadat die Liga Wedvlug Sekretaris soos voormeld kennis gegee het nie, moet laasgenoemde beampte die Liga Voorsitter daarvan verwittig vir optrede.

20.9.4 Word 'n lid se uitslae nie betyds ontvang nie, sal die lid se besonderhede vir daardie bepaalde wedvlug buite rekening gelaat word.




- 20.9.5 Alle rubberringe met papieretikette met betrekking tot duiwe wat in die wedvlug deelgeneem het, moet tesame met klokstroke binne sewe (7) dae nadat die wedvlug voltooi is, in die Liga se besit wees.
- 20.9.6 Die Bestuur het die reg om te versoek dat enige of alle bogemelde stukke voor die spertyd ter tafel gelê word.
- 20.9.7 Hierdie stukke moet vir minstens twaalf (12) maande deur die Liga Wedvlug Sekretaris bewaar word, waarna dit vernietig mag word.
- 20.9.8 Die wen duiwe moet minstens twintig (20) meter weg van die betrokke lid se hok losgelaat word om vas te stel of die duif na die hok terugkeer.
- 20.9.9 Hierdie verslag moet binne sewe (7) dae nadat die wedvlug voltooi is in die Liga Wedvlug Sekretaris se besit geplaas word.
- 20.9.10 Liga Wedvluguitslae, in volgorde van plekke behaal, met vermelding van die naam van die lid, duif se ringnommer, die spoed gevlieg, die afstand gevlieg en kloktyd moet so spoedig moontlik na die wedvlug aan elke Klub beskikbaar gestel word.
- 20.9.11 Enige besware teen foute wat in die uitslae voorkom, moet skriftelik binne sewe (7) dae na publikasiedatum daarvan by die Liga Wedvlug Sekretaris ingedien word.



20.9.12 Enige geskille in verband met wedvluguitslae moet vir beslissing na die Bestuur verwys word, wie se beslissing finaal en bindend is.

21. PRYSGELD EN NOMINASIES

- 21.1 Die inskrywingsgeld betaalbaar, die getal plekke wat vir prysgeld in aanmerking sal kom en die verdeling daarvan sal deur die Bestuur bepaal word. Indien minder as die vereiste getal duiwe in die vereiste wedvlugtyd terugkeer, word al die prysgeld toegeken aan die duiwe wat wel plekke behaal het, in verhouding soos van toepassing op die betrokke wedvlug.
- 21.2 Elke lid word verantwoordelik gehou vir die invordering van alle gelde betaalbaar in verband met wedvlugte en die oorbetaling daarvan aan die Liga Tesourier. Sulke geld moet binne sewe (7) dae na datum van inkorwing aan die Liga betaal word.
- 21.3 Elke wedvlug word beslis volgens die stelsel van snelheid, bereken volgens die reguit afstand en die tydsverloop tussen loslatingstyd en kloktyd. Die duif wat wen, het die grootste getal meters per minuut afgelê en daarna word die plekke gevul in volgorde van die volgende grootste getal meters per minuut.
- 21.4 Die totale bedrag aan inskrywingsgeld wat ten opsigte van wedvlugte gevorder is, waarvan die uitslae gepubliseer is, min vyftien (15) persent, word aan die wenners daarvan uitbetaal.



- 21.5 Gelde ten opsigte van nominasiepotte word op praktiese wyse deur die Liga uitbetaal. Geen nominasie word aangeneem nie tensy dit op die inkorfaand duidelik op die inskrywingsvorm aangedui is en geen nominasie mag teruggetrek of aangebring word nadat die duiwe van rubberringe voorsien is nie of nadat die elektroniese ringe aan die duiwe se pote “gescan” is nie.
- 21.6 Pontoon en potgeld nie gewen aan die einde van 'n wedvlugreeks nie, word uitbetaal aan die eerste genomineerde duif. Indien geen genomineerde duif 'n plek vlieg in die toegelate posisies nie, gaan hierdie gelde ter stuiwing van die Liga fondse.

22. ALGEMEEN

- 22.1 Geen lid word toegelaat om 'n wedvlug te organiseer tensy vooraf toestemming van die Liga se Bestuur verkry is nie.
- 22.2 Dit is verpligtend dat elke lid in wedvlugte meeding onder die wedvlug- en klokreëls van die Liga en nie dié van 'n ander genootskap nie.
- 22.3 Beslissings van die Bestuur oor enige aangeleentheid wat die Liga raak, is derhalwe ook van toepassing en bindend vir elke Klub. Dit ontnem egter nie die lid se reg tot appél nie.
- 22.4 'n Lid word nie toegelaat om na meer as een hok in wedvlugte mee te ding nie, tensy sodanige hokke nie meer as twintig (20) meter van mekaar geleë is nie.



- 22.5 Die grootste getal duiwe wat die lede vir wedvlugte ingeskryf mag word, sal van tyd tot tyd deur die Bestuur bepaal word.
- 22.6 'n Wedvlug word slegs geskanselleer wanneer die Bestuur so besluit, maar vervoergelde en potgelde word onder geen omstandighede terugbetaal nie.
- 22.7 Geen lid mag sy duiwe vir enige wedvlug inskryf en laat deelneem aan enige wedvlug waarby die Liga betrokke is terwyl duiwe een of meer van die verbode middels soos deur SANPO bepaal, toegedien is nie. Die Liga is by magte om enige duiwe van lede te laat toets vir verbode middels. Toetsing sal volgens SANPO reëls geskied.
- 22.8 Lede van die Liga is verplig om 'n verklaring van instemming en samewerking vir die toetsing van wedvlugduiwe vir verbode middels te voltooi en te onderteken. Hierdie verklaring en die voltooide verklarings van nuwe lede, wat hulle aansoek om lidmaatskap moet vergesel, sal by die Liga Sekretaris ingehandig word vir bewaring.

23. **WYSIGING VAN GRONDWET**

- 23.1 Die bepalings wat hierin vervat is, kan gewysig word deur nie minder nie as 75% meerderheid van die lede wat teenwoordig is by 'n Algemene Jaarvergadering of Spesiale Algemene Vergadering wat vir daardie doel is. Geen reël / klousule mag teenstrydig wees met SANPO Konstitusie nie.
- 23.2 Die presiese terme van enige voorgestelde wysiging moet uiteengesit word in die kennisgewing waardeur die vergadering belê word.



24. BESLEGTING VAN GESKILLE EN VERTOLKING VAN GRONDWET

24.1 Indien enige bepaling van hierdie Grondwet nie nagekom word nie en enige geskille as gevolg daarvan ontstaan, moet dit na die Bestuur verwys word, wie se beslissing finaal en bindend sal wees. Die Bestuur se beslissing ontnem nie die lid se reg tot appèl na SANPO nie.

24.2 In die geval van twyfel met betrekking tot die betekenis of toepassing van enige van die bepalings van hierdie Grondwet of enige verordening wat daarkragtens opgestel is, is die vertolking van die Grondwet deur die Bestuur finaal en onweerlegbaar.

25. ONTBINDING VAN LIGA

25.1 Die Liga kan ontbind word of saamsmelt met 'n ander organisasie met soortgelyke doelstellings, maar in elke geval slegs kragtens 'n besluit geneem deur 75% meerderheid van die lede wat teenwoordig is by 'n behoorlik gekonstitueerde Algemene Vergadering of Spesiale Algemene Vergadering.

25.2 By samesmelting gaan die Liga se bates oor na die organisasie waarmee saamgesmelt word.



25.3 By ontbinding moet die bates van die Liga te gelde gemaak word deur 'n likwidateur wat deur 'n Algemene Vergadering of die Hof, soos die geval mag wees, aangestel is en die opbrengs moet gelykop tussen die lede van die Liga verdeel word.

26. **VOORKOMING VAN PARAMYXO**

26.1 Dit is verpligtend vir alle Liga lede om alle duiwe wat in 'n betrokke jaar aan wedvlugte sal deelneem, jaarliks ten minste dertig (30) dae voor die aanvang van die wedvlugseisoen te immuniseer teen die Paramyxovirus met 'n dooie entstof. Die voorgeskrewe vorm soos deur die Liga saamgestel, moet gebruik word. Die ringbesonderhede van elke duif moet op die vorm deur die lid aangebring word en deur die komitee geverifieer word.

26.2 Sodanige sertifikaat moet skriftelik uitgereik word en die volgende vervat:

26.2.1 Die naam en adres van die lid ter sprake;

26.2.2 Dat ten minste die twee lede van die komitee gelyktydig teenwoordig was toe elke duif van 'n lid soos voormeld, geïmmuniseer is;

26.2.3 Op watter dag en datum elke sodanige lid se duiwe soos voormeld geïmmuniseer is;



26.2.4 Met welke entstof sodanige immunisasie plaasgevind het, asook die verwysingsnommer ("batch"-nommer) en vervaldatum van sodanige entstof;

26.2.5 Die name en handtekening van al die lede van sodanige komitee;

26.2.6 Die datum en plek van uitreiking van sodanige sertifikaat.

26.3 Geen lid sal toegelaat word om aan enige oefen- en wedvlugte deel te neem nie :

26.3.1 'n Lid wie se duiwe nie soos voormeld geïmmuniseer is nie.

26.3.2 Sodanige sertifikaat nie in die Liga Wedvlug Sekretaris se besit is ten minste veertien (14) dae voor aanvang van wedvlugte in aanvang neem nie.

27. **INENTING TEEN POKKE**

Dit is verpligtend deur alle Liga lede om hulle duiwe teen Pokke in te ent. Inenting kan eenmalig geskied. Die voorgeskrewe vorm soos deur die Liga voorgeskryf, moet gebruik word.

